PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

26 Februarie 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Besoekers & nuwe lidmate

Indien jy vanoggend 'n **besoeker** is hier by Hoogland vertrou ons dat vanoggend se diens vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees. Indien u 'n **nuwe intrekker of -lidmaat** in die gemeente is:

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet 'n leraar na die diens voor by die preekstoel. Neem in die brosjurevakkies 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za.

Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder *EK WIL...* en dan '*N LIDMAAT WORD* en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Pieter Nel

10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Eluthandweni

Program vir die Week :

Woensdag: 1 Maart
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Dinsdag: 28 Februarie
14:00 Vrouebybelstudie

Vrydag: 3 Maart
Wêreldbiddag vir Vroue
05:30 Mannebediening

Saterdag: 4 Maart
Wêreldbiddag vir Mans

Die Hoogland-familie gaan weer kamp!

17 - 19 Maart 2023 te Innikloof (14 km buite Hankey).

Daar is nog een huisie en verskeie kampeer plekke beskikbaar!

Kontak Leandra in die kerkkantoor as jy saam wil kom kamp.

Hoogland Bedieninge : Geloof deur liefde tot dade

Klank- & Databediening

Hierdie bediening benodig dringend nog vrywilligers om te help met die direkte beeldsending van eredienste. Al die voorbereidings word reeds deur die Eredienskoördineerder gedoen voor die diens. Die span is net verantwoordelik vir die druk van die regte knoppies. Volledige opleiding sal gegee word. Kontak gerus vir Ds Pieter of Leandra as jy meer wil weet oor hierdie bediening.

Lofkabouters

... benodig HANDE van mammas en/of hoërskool meisies wat op 'n roterende basis Luise kan help met die lesaanbiedings. Gesels gerus met Leandra of Luise indien jy by Lofkabouters betrokke wil raak.

MTR Smit Kinderoord

Kontak gerus vir Leandra of Madelaine Moss as jy 'n hart het vir kinders en vir Madelaine wil help met die reël van kinderpartytjies vir die dogters in Huis 8.

Hoogland benodig JÒU by die eerste

HOOGLAND KKenK

KOOR, KOS & KUIERFEES!

Sien asseblief die los bladsy op die banke en kom meld aan waar JY kan help, óf sommer net saamkuier! Merk dit asseblief af en plaas in die dankofferhouer. Gesels gerus met Annalize of Leon as jy iewers wil help!

Die Basaarkomitee benodig graag die volgende:

1. Leë, skoon 2 liter - of 5 liter roomys houers !
2. Klein, leë houers/potjies/koppies (maksimum 10cm in deursnee) vir plantjies

Bring na die kerkkantoor of los asseblief by Gemeentedienste.

Algemeen

Hoogland kom bid hierdie week saam vir reën... Die boere kry swaar en ons damme is leeg en dag zero is 'n realiteit!

Kom vat hande en tree as geloofsfamilie in vir reën!

Kom geniet gerus Sondae na die erediens 'n lekker koppie koffie in die Voorhuis!

ONTHOU asseblief

Hoogland maak staat op u koffie donasies.

Bybelstudie kursusse

Indien jy hou van Bybelstudie kursusse en om dieper te delf in God se Woord en meer agter die skerms te wil weet is hierdie volgende kursusse vir jou!

Skakel asseblief vir **Paul Stoltz by 066 270 9059** vir meer besonderhede hieroor.

Unlocking the Bible - Dawid Pawson.

Het jy al ooit gewonder waarom daar 4 Evangelies in die Nuwe Testament is? En waarom dieselfde boodskap oor Jesus se lewe op die oog-af vir ons gegee word? Of wil jy bietjie meer weet oor die agtergrond van die verskillende Bybel-boeke in die Ou-en Nuwe Testament?

"Unlocking the Bible" is 'n kursus wat jou sal help om antwoorde op talle van hier-die vrae te kry. Elke boek van die Bybel word in 'n neutedop saamgevat en daar word veral op die agtergrond en samevatting van elke boek klem gelê.

Ons wil dv. Maart met die kursus by Hoogland begin en ons gaan afskop met die boek Mattheus. Elke video-sessie beloop ongeveer 40 minute, waarná ons gedagtes kan wissel oor die inhoud van die video vir die volgende 20 minute.

Ons beplan om op 'n Dinsdag-of Woensdagaand by Hoogland bymekaar te kom, afhangende van die groepslede se skedules.

Nehemia Bybelinstituut kursus

Nehemia Bybelinstituut (NBI) is 'n deel van BybelMedia wat 'n omvattende kursus aanbied vir kerkleiers en lidmate van veral die kerke in swart gemeenskappe. Daar is 'n groot behoefte daaraan om die lidmate en kerkleiers toe te rus vir diens in hulle onderskeie gemeentes en breër gemeenskappe. Aan die einde van die kursus word 'n Diploma deur die Universiteit Pretoria aan die suksesvolle kan-didate toegeken. Die kursus word in Engels aangebied en strek oor 'n tydperk van ongeveer 18 maande. Studiegidse word deur NBI teen 'n tarief aangebied.

Die kursus sal vanaf begin Maart op 'n Maandagaand by Hoogland aangebied word.